## VERSAMELSTUK

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 2,3 kg écru Pingouin Coton Madeira Nr. 5 (50-g-bolle); hekelpen van 2 mm.

**MATE:** Ongeveer 250 x 250 cm.

**AFKORTINGS:** gs – glipsteek; ks – kettingsteek; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.
**Spasie:** 1lb om te begin; 2ks, slaan 2ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.
**Blokkie:** 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2ste, 1lb om blk te voltooi.

**AANWYSINGS:** Daar is twee maniere om dié sprei te hekel.

Dit kan òf oor die hele breedte, dus 9 stroke aaneen met 2 rye spasies aan weerskante, òf in 8 stroke wat elke 34 sps/blks breed is, plus 'n laaste strook van 31 blokkies breed, gehekel word.

Dié stroke moet dan oorlangs aanmekaar gewerk word.


Begin met 108ks vir een strook, draai en plaas 1e lb in 9e ks vanaf hekelpen. Volg daarna die diagram.

Die rand word afsonderlik gehekel.

Ons diagram toon die gedeelte wat deurgaans vir een strook herhaal moet word tot strook 225 cm lank is.

**RAND:** Begin met 167ks by lyn A-A en volg diagram tot rand lank genoeg is om om drie kante van middelstuk te pas; laat 'n paar cm toe om by hoeke in te plooi.

**AFWERKING:** Werk stroke met naald en gare aan mekaar vas of hekel dit vas, en werk omranding aan 2 lang kante en een kort kant netjies vas.





# SLAAP KAMERPRAG